## Tyd breek aan om te redeneer



Baie geluk aan die Junior redenaars van Hoërskool Lichtenburg wat gekies is om aan die ATKV Redenaarskompetisie te gaan deelneem. Hulle is voor Esti Kriel, Clariza du Preez, Sume Weber en Nica Meyer. Agter is Cari Olivier, Miko Ferreira, Wisan Basson, Mieke Geldenhuys en Leandri de Villiers.



Baie geluk aan die Senior redenaars van Hoërskool Lichtenburg wat gekies is om aan die ATKV Redenaarskompetisie te gaan deelneem. Hulle is voor Canha Meyer, LJ Olivier, Emme Ferreira en Anine Geldenhuys. Agter is Mea Colyn, Izak Kriel, Ruan Rossouw, Franko Olivier en Marilie Rossouw.Afwesig: Barend de Clerk en Dourand Geldenhuys.

# Misdaadsyfers steeds te hoog

**NOORDWESTER – LICHTENBURG – TLU SA is dankbaar vir die SAPD se deursigtigheid om die land se misdaadsyfers bekend te maak, volgens mnr. Henry Geldenhuys, TLU SA President, is dringende optrede nou nodig.**

Die misdaadsyfers – vir die kwartaal Oktober – Desember 2021 – soos bekend gemaak deur die Minister van Polisie, Generaal Bheki Cele, wys 11 plaasmoorde. “Dit is positief dat die syfers ‘n afname in moord wys, ofskoon een moord gepleeg een moord te veel is. TLU SA se syfers wys daar was 12 plaasmoorde teenoor die 11 van die polisie se syfers. Ons werk streng volgens saaknommers. Die fokus moet egter nou wees om die syfer af te druk met ‘n daadwerklike poging.

Die polisie se Landelke Veiligheidstrategie is ‘n goeie plan, maar dit wil voorkom of dit nêrens geïmplimenteer is nie en om die rede wil ons en sal ons in samewerking met die polisie en ander organisasies moet toesien dat die plan tot op grondvlak geïmplimenteer en toegepas word,” het mnr. Geldenhuys gesê.

“Ek weet tegnologie is duur, maar ons moet van dit gebruik maak om veiligheid op plase te verbeter. Ons boere moet ook opleiding kry in wat gedoen moet word as daar ‘n plaasaanval is. Dit plaas meer druk op landbou en boere, maar dit is wat nou nodig is.”

Die syfers rakende veediefstal lyk op die oog af goed, maar mnr. Geldenhuys wys dat boere nie meer aldag die misdaad aanmeld nie. “Daar is afname van 450 sake landwyd wat baie goed lyk, maar ons weet op grondvlak is baie boere moedeloos omdat soveel van die sake wat wel aangemeld word nie afgehandel of suksesvol vervolg word nie en daarom doen sommige nie meer die moeite om die saak aan te meld nie.” TLU SA Hoofbestuurder, mnr. Bennie van Zyl, het daarop gewys dat die regering groter verantwoordelikheid moet vat en gou ook. “Daar moet suiwering in die polisiediens plaasvind. Hulle moet beter opleiding kry en bemagtig word sodat ons as die publiek hulle weer kan vertrou. Ons het ‘n polisiediens nodig wat weer die vriend van die wetsgehoorsame burgers van die land is,” het hy gesê.


**Noordwester** DIARY • DAGBOEK 2022

**Is there an important event at your company or organisation in the near future? Is a well-known artist the highlight on the local social calender, or do you have a company that provides fun things/activities to do? If so, then place your diary entry to inform our readers of your events/activities.**

**LANDBOUWEEKBLAD HERLEWINGSLAND-BOUKONFERENSIE**

Is dit moontlik om die natuur in te span om goedkoper en meer winsgewend te boer, en kan dit dalk ‘n bietjie van die stres van kapitaal-intensiewe boerdery verlig? Kom kry antwoorde op hierdie en ander vrae by Landbouweekblad se herlewingslandboukonferensie op **10 Maart** in Ottosdal. Moet dit nie misloop nie! Koop jou kaartjie by https://qkt.io/Ottosdal.
Vir meer inligting besoek https://bit.ly/3rmS2Vq.



K80740 W10

**NOORDWESTER– LICHTENBURG – Met die nuwe verslapte inperkingregulasies gaan meer venues en kuierplekke nou weer funksies of konserte mag aanbied. Die Noordwester Dagboek is ‘n gulde geleentheid om jou boodskap uit te dra. Inskrywings – wat ‘n foto en ‘n kort beskywing (30 woorde) kos R66,00 btw ingesluit of ‘n foto en 60 woorde vir R132,00 btw ingesluit. Stuur ‘n epos met jou inskywing na anita@noordwester1.co.za vir plasing.**



LICHTENBURG VAKANSIE-OORD

**AKKOMMODASIE**

*50 SELFSORG TOEGERUSTE CHALETS
* KARAVAANSTAANPLEKKE
* UITKAMPGERIEWE
* SKOON ABLUSIE

Like ons op facebook:
Lichtenburg Vakansie-Oord

www.lichtenburgvakansieoord.co.za

**WATERPARK GESLUIT TOT SEPT. 2022**

**SEL: 082 543 3326**
**TEL: (018) 632 5826**

Lichtenburg Vakansie Oord


# Oorgroeide erf ‘n gesondheidsrisiko





Die groot oop erfgedeelte op die hoek van Daniël- en Burgersstrate wat blykbaar aan Openbare Werke behoort (oorkant die tronk) is ‘n seer oog en ‘n gesondheidsrisiko vir inwoners in die gebied. Soos op die foto’s gesien kan word, word vullis gereeld daar afgegooi en behalwe dat dit onaanvaarbaar is, hang daar ‘n aaklige reuk ook in die lug. Dit is ‘n broeiplek vir ongediertes en skelms kan ook daar skuil. Volgens ‘n inwoner word tuingereedskap in die woonbuurt gesteel en vlug diewe in die langgras in met hul buit. Kan die persone verantwoordelik vir die erf sorg dat dit opgeruim en skoongemaak word?


***Cape EAPrac***

PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

**Setaria PV, Hilardia PV and Euphorbia PV on Portion 2, 3 and 4 of the Farm Houthaalboomen 31**

*Scoping and Environmental Impact Reporting Process*

**Notice is hereby given of a Public Participation Process in terms of the National Environmental Management Act (Act No 107 of 1998) and the National Heritage Resources Act (NHRA)(No.25 of 1999).**

Applications for three Scoping and Environmental Impact Reporting processes have been submitted to the National Department of Forestry, Fisheries and the Environment for three Photovoltaic (PV) energy developments (Setaria PV, Hilardia PV and Euphorbia PV) on portion 2, 3 and 4 of the Farm Houthaalboomen 31 near Lichtenburg in the North West Province.

**Proponents:** Setaria PV (Pty) Ltd, Hilardia PV Pty Ltd & Euphorbia PV (Pty) Ltd.

**Environmental Consultant:** *Cape EAPrac*

**Proposal:** It is the intention of the proponents, as a Renewable Energy Independent Power Producers to develop 3 x 100MW (MegaWatt) Solar Photovoltaic (PV) Facilities on the abovementioned properties, with associated infrastructure (on and adjacent to the site) including on site substations, auxiliary buildings, inverter stations, battery energy storage systems, access and internal roads, laydown areas, perimeter fences, security infrastructure and electrical reticulation infrastructure.

The procedures for a Scoping and Environmental Impact Reporting process in terms of the 2014 Regulations are being followed for these projects. The following activities, in terms of Government Notice R983, R984 & R985 may be applicable: GN R983: **11(i), 19(i), 12(xii)(a)/(c)** GN R984: **1,2 & 15** GN R985: **4(a)(h)(aa) & 18(a)(h)(aa)**

Draft Scoping Reports are available for review and comment from **08 March 2022 – 08 April 2022.** Copies of the Draft Scoping Reports and online registration forms are available on the Cape EAPrac website: **www.cape-eaprac.co.za.** Should any parties not have access to this online platform, they should contact to Cape EAPrac, who will provide an alternative means to access the available information.

**Cape EAPrac (Attention: Mr Dale Holder)**
P O Box 2070 George 6530
Telephone: 044 874 0365 Facsimile: 044 874 0432
Email: dale@cape-eaprac.co.za

**REGISTRATION REQUESTS AND COMMENTS ON THE DRAFT SCOPING REPORTS MUST BE SUBMITTED IN WRITING TO THE DETAILS ABOVE NO LATER THAN 08 APRIL 2022.**



# In Memoriam



Edwin Belstead (58) is oorlede op 22 Februarie 2022. Hy was 33 jaar ‘n inwoner van Lichtenburg. Sy troosdiens het op 26 Februarie 2022 plaasgevind op die plaas Uitspandorings. Die diens is waargeneem deur Wynand Wessels.



Callie Landsberg is op 25 Februarie 2022 oorlede. Sy begrafnis vind op Vrydag, 4 Maart 2022 om 11:00 vanuit die AP Kerk Lichtenburg plaas. Dr. Cois Meiring sal die diens waarneem en hy sal in die Kieserville Gedenktuin te ruste gelê word. Ruhet Begrafnisdienste is in beheer van die reëlings.



Atti Marcus Gasi died on 25 February 2022. His funeral will be held on Saturday, 5 March 2022 at 07:00 in Coligny. Ruhet Funeral Services is in charge of the arrangements.